CHARL VAN ROOYEN cvanrooy@landbou.com

Genomika loop klopdisselboom tussen die duine

Dr. Joggie Briedenhann, Suider-Afrika se Stoetteler van die Jaar, is reeds gekonfyt in die voordele van genomiese ontledings en pas dit met groot vrug in sy Bonsmarastoetery tussen die Kalahariduine in die suide van Namibië toe. Dié kragtige seleksie versnel 'n proses wat voorheen tot nege jaar kon duur.

Die dae is verby dat 'n bul met 'n indrukwekkende voorkoms die hoogste prys behaal het, want dit sê bykans niks van sy waarde as toekomstige teelbul nie. Die koms van genomika is besig om hierdie oudmodiese manier van bulseleksie op sy kop te keer.

Die Namibiese leierboer dr. Joggie Briedenhann het die groot waarde van genomika reg aan die begin van die tegnologiese ontwikkeling gesnap. Vandag pas hy die beginsels reeds voluit in sy Bonsmarastoetery Hartebeestloop toe.

Briedenhann en sy vrou, Eugenie, is dus nie om dowe neute op die vorige Aldam-veeskool as Pick n Pay, *Landbouweekblad* en Breedplan se Suider-Afrikaanse Stoetteler van die Jaar bekroon nie.

Hulle bedryf hul stoetery op die plaas Hartebeestloop by Stampriet in die suide van Namibië, waar hulle ook 'n kommersiële veeboerdery en saaiery het en vlakte- en skaars wild vir biltong- en trofeejag aanhou. Hierdie deel van Namibië stel groot eise aan enige boerdery vanweë die lae reënval van slegs 220 mm per jaar.

Briedenhann vertel hy het sy boerdery "volgens die ou skool" begin deur visuele beoordeling te doen wanneer hy Bonsmaras geselekteer het. Hy het dus die bees gekies wat die mooiste was en aan die rasvereistes voldoen het. Daarna het 'n tydperk van



Dr. Joggie Briedenhann voorspel dat die visuele inspeksie van vleisbeeste volgens die telersgenootskap se standaarde steeds belangrik gaan bly, maar dit sal mettertyd ondergeskik raak aan die waarde wat kopers uit genomiese waardes put. FOTO: CHARL VAN ROOYEN

PLAASINLIGTING



LIGGING: Stampriet, Namibië

NAAM: Hartebeestloop

EIENAARSKAP: Familietrust

VERTAKKINGS: Bonsmarastoetery, kommersiële boerdery, vlakte- en skaars wild, biltong- en trofeejag en saaiery

GRONDTIPE: Sandgrond

VELDTIPE: Kalahari-duineveld

GEMIDDELDE REËNVAL: 220 mm per jaar

KORTOM

- Genomika vervang nie BLUP-teelwaardes nie, maar werk in tandem daarmee om 'n kragtiger, akkurater seleksieproses daar te stel.
- Dit is belangrik dat beestelers steeds aanhou om prestasietoetsing toe te pas, aangesien dit genomika aanvul en die akkuraatheid van genomiese ontledings verder verhoog.
- Nou kan beestelers met nog groter akkuraatheid aan bulkopers sê in watter mate 'n bul sekere eienskappe aan sy nageslag gaan oordra.